

# *Qua Vadis?*

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 49**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

## ***Paasfees . . . Opstanding***

Paasfees bring die opstanding van Jesus Christus skerp na vore.

Ek sien jy glimlag skepties as ons van 'n opstanding praat.

Waarom doen jy dit?

Sien jy nie in die ganse skepping die waarheid, dat die lewe uit die dood ontkiem en op 'n aangrypende wyse verkondig word nie?

Die koringkorrel moet eers in die grond sterwe voordat die aar kan ontkiem.

Die winter moet met sy groue doodsheid eers kom voordat die lente met sy groen kan opstaan.

Eers moet die donkerheid van die nag gebore word voordat 'n helder dag daarna kan ontwaak.

Ons Here Jesus Christus moes dieselfde weg gaan. Hy moes in die diepte van die dood ingaan om op die derde dag weer op te staan.

Jy vra wat is die betekenis van die opstanding van Jesus Christus. Wel, eerstens ons **regverdigmaking**.

Om dit vir jou te verklaar wil ons jou in 'n regsaal tot by die regbank bring. God is die Regter wat die mens wil straf omdat hy teen God sondig. Die aangeklaagde is die sondaarmens wat onregverdig voor God geword het. Die aanklaer is die duiwel en die mens se eie gewete wat getuig dat die mens skuldig is. Die wetboek is die wet van die Here waarin geskrywe staan: "Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie."

En die Advokaat? Dit is onse Here Jesus Christus wat aan die kruishout gesterf, maar op die derde dag weer opgestaan het. Hy tree nou na vore, nie om goed te **praat** wat krom is nie, maar om goed te **maak**. Die Advokaat sê nie dat Satan lieg nie, maar Hy wys die Regter daarop dat Hy vir die aangeklaagdes gesterf het en Hy pleit dat die Vader die beskuldigdes moet vrysprek op grond van Sy verdienste.

En wat doen die Regter? Sonder enige verdienste aan ons kant, uit louter genade, word die volkome voldoening, geregtigheid en heiligheid van Christus aan die sondaar geskenk en toegereken, so asof hy nooit enige sonde gehad of gedoen het nie.

My vriend, is die geregtigheid wat Christus vir ons verwerf het, jou persoonlike eiendom? Luister wat sê God in Sy Woord (Joh. 6 : 37): "Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie."

Maar die opstanding van Christus spreek ook nog van ons **heiligmaking**.

As Jesus die geregtigheid aan ons skenk, gebeur iets geweldigs in ons lewe. Net soos Christus uit die graf opgestaan het, staan ons ook op uit die graf van die sonde. Ons word deur die krag van Christus opgewek tot 'n nuwe lewe.

Hierdie nuwe lewe is heeltemal anders as die ou, sondige lewe. Dit is van hemelse oorsprong. As ons waarlik uit die opstanding lewe, word ons nuwe mense. Ons leef uit 'n ander beginsel, ons dink anders en doen anders as voorheen. Ons kan die nuwe lewe ook beskryf as die lewe van Christus in ons. Waar die regverdigmaking 'n werk van Christus **vir** ons is, is die heiligmaking Sy werk **in** ons. Sy Heilige Gees brand die sondes meer en meer weg uit ons lewe, en laat die beeld van Jesus Christus meer en meer in ons toeneem.

Natuurlik, vriend, beteken dit nie dat die gelowiges volmaak en heilig is nie. Ek weet dat jy vandag met die vinger na baie Christene kan wys wat 'n onheilige lewe lei. Ja, terwyl ons nog op die aarde lewe is daar 'n gedurige stryd tussen die heilige lewe in ons en die

onheilige lewe van die sonde, maar die gelowige weet dat hy deur die geloof in Jesus Christus sal oorwin, en daarom stry hy totdat die dood hom aanstons wegneem, en dan eers is hy volmaak geheilig.

My vriend, ook vir jou het Christus gesterf om jou te bring tot 'n heilige lewenswandel tot eer van God.

Maar daar is nog iets: die opstanding van Christus wys ook op ons **heerlikmaking**.

Daar is seker niks wat die mens vuriger begeer as die ewige lewe nie.

Ons sien dit reeds by die heidendom. Hulle letterkunde is vol daarvan; hulle godsdienstige seremonies en tempels wys daarheen. Selfs die moderne ongeloof wat die opstandingsgeloof prysgee het, glo nog in 'n soort spiritistiese voortbestaan van die mens na sy dood.

Die ewige lewe het werklikheid geword deur die opstanding van Jesus Christus. Omdat Hy opgestaan het sal ons ook eendag opstaan en saam met Hom lewe tot in ewigheid.

Ook jy, my vriend, sal eendag opstaan. Maar as jy volhard om Jesus Christus te verwerp, sal dit 'n opstanding wees om in die verderf die helse smarte te ondergaan.

**C. J. Malan.**

# ***Sy gebooie is nie swaar nie***

Ons lees die woorde van 'n opskrif in die Bybel.

In I Johannes 5 : 3 word gesê: "Want dit is die liefde tot God dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie".

Daar is egter mense wat heel anders oor die saak dink. In hulle oë is die gebooie van die Here verskriklik swaar. Dit is vir hulle 'n struikelblok hier, 'n hindernis daar, en elders weer 'n irriterende blokkade op die pad wat hulle graag sou wou bewandel. Die uitvoering van en gehoorsaamheid aan God se gebooie voel hulle steeds aan as 'n vreeslike las. Daarom is sy gebooie vir hulle so swaar. Daarom haat hulle dit dat iemand hulle vermaan om God se gebooie te gehoorsaam.

Maar waarom kan Johannes dan sê dat die gebooie van die Here nie swaar is nie? Of laat ons die vraag anders stel: Wat bepaal of die gebooie van God vir die mens swaar is of nie?

## **Die Liefde.**

In die aangehaalde woorde van Johannes vind ons die antwoord. Die antwoord is: die liefde. Of ek God liefhet of nie, sal bepaal of Sy gebooie vir my wél swaar is of nié swaar is nie.

Dit is iets wat ons reeds weet uit ons gewone onderlinge verhoudinge as mense. As ek iemand werklik liefhet, is ek bereid om aan die grootste, soms byna onmoontlikste eise wat so 'n persoon stel, te voldoen. En as ek daardie eise van 'n geliefde dan ook tot uitvoering bring, voel ek dit nooit aan as 'n las nie; intendeel, dit is vir my 'n vreugde om dit te doen vir hom of haar wat ek liefhet. Daarenteen, as ek 'n persoon nie liefhet nie, is die geringste dingetjie wat ek vir hom of haar moet doen, 'n las.

So is dit nou ook met ons vervulling van die gebooie van God. As ons God liefhet, is dit vir ons 'n vreugde om Sy wette te gehoorsaam. Dan ervaar ons werklik die waarheid van die woorde van Johannes: Sy gebooie is nie swaar nie. Ja, dan kan ons waarlik saam met die psalmdigter vreugde vind in die wet van God".

## **Sy juk is sag.**

Nou kan ons ook verstaan waarom Christus sê dat Sy juk sag en Sy las lig is (Mat. 11:30). Wie Hom waarlik liefhet en met al sy moeites en laste na Hom toe gaan en gelowig ervaar hoe Hy hom of haar rus gee, smaak en voel ook hoe sag die juk van Sy gebooie en hoe lig die las van Sy wette is. Daarom kan mense wat deur Christus verlos is uit die knelgreep van die sonde, met al sy moeite en laste, byna nie ophou om te vertel hoe heerlik dit is om die Here te dien nie. Vir hulle is die vervulling van Sy gebooie nie 'n las nie, maar 'n lus, want hulle het die Here Jesus lief.

Hom, ons Heiland en Redder, móét ons nou ook liefhê.

Ons moet Hom liefhê omdat Hy ons éérste liefgehad het met so 'n geweldige groot liefde. Hy het in liefde gely en gesterwe vir al ons sondes om ons te bevry van die slawerny en dwinglandy van Satan, wat vir ons soms na vryheid en ware geluk lyk.

As ons Hom wat ons só liefgehad het nou ook liefhet en dankbaar is vir Sy heerlike verlossing, sal ons vind dat dit nie swaar is om Sy gebooie te gehoorsaam nie, maar 'n dankbare vreugde.

God se gebooie word eers vir ons swaar as ons Hom nie liefhet nie en Sy liefde tot ons in Christus, nie waarlik ken nie. Dan is die juk van Sy wette vir ons nie lig nie, maar dit voel vir ons soos 'n knellende, irriterende, skawende ysterjuk wat ons verfoei.

## **God Regeer Ons deur Sy Gebooie.**

God regeer ons, en as Regeerder eis Hy van ons gehoorsaamheid aan Sy wette, ja,

stiptelike gehoorsaamheid. En nou doen dit ons wel leed aan dat ons Sy gebooie vanweë ons sonde nie so gehoorsaam soos Hy van ons eis nie. Tog, aan die ander kant, is die onderhouding van Sy gebooie vir ons 'n vreugde, want ons het Hom lief. En omdat ons Hom liefhet, ervaar ons dit elke dag: Sy gebooie is nie swaar nie; Sy juk is waarlik sag en Sy las is waarlik lig.

**P. J. de Bruyn.**

# **EK DIEN GOD SOOS EK LUS HET!**

Nee, dit is eenvoudig net nie moontlik nie!

U kan God nie dien soos u lus het nie!

Daar is net twee moontlikhede: u dien God òf u dien Hom nie, en as u God waarlik dien, dan moet u Hom dien SOOS HY WIL en nie soos u wil nie.

## **Die Stopstraat.**

Laat ek dit aan u verduidelik aan die hand van 'n eenvoudige voorbeeld. Een van die baie bekende munisipale regulasies is dat u moet stilhou by 'n stopstraat. Nou kan u nie maar net gaan stilhou soos u wil nie. Daarom stop u ook nie eers as u in die middel van die verbylopende dwarsstraat is nie. U hou ook nie stil deur maar net stadiger te ry nie. Nee, u moet u motor heeltemal tot stilstand bring, en wel duskant die wit streep wat in die stopstraat getrek is. En as u dit nie wil doen nie, sal u dalk verplig word om 'n donasie van 'n paar rand by die naaste kantore van die verkeersdepartement van die betrokke dorp of stad te gaan maak.

## **Die Wetgewer Bepaal.**

Sien u, u kan die wette en gebooie wat gemaak word nie maar gehoorsaam soos u wil nie. U moet dit gehoorsaam soos die betrokke wetgewer wil dat u dit moet gehoorsaam.

Presies dieselfde geld nou ook van die gebooie van God. U kan dit nie maar gehoorsaam soos u wil en soos dit vir u die aangenaamste is nie. U moet dit nougeset gehoorsaam presies soos God, die ewige Wetgewer, dit wil hê. Die Bybel self leer ons dat ons die Here só moet gehoorsaam.

Let op die volgende woorde wat die Here aan Josua en deur hom aan die hele Israel gesê het:

"Wees net baie sterk en vol moed om nougeset te handel volgens die hele wet wat Moses, my kneg, jou beveel het; wyk daarvan nie regs of links af nie, sodat jy met goeie gevolg kan handel, oral waar jy mag gaan. Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie, maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel." (Josua 1:7, 8).

Gee veral ag op die woordjie "nougeset" wat twee maal in hierdie woorde van die Here voorkom.

Nougeset, stiptelik, soos die Here self wil — so moet Sy gebooie gehoorsaam word.

Dit is Sy goddelike eis aan die mens.

'n Gehoorsaamheid aan die Here net soos ons lus het — 'n halwe gehoorsaamheid, 'n min-of-meer-gehoorsaamheid dus, staan vir Hom gelyk aan ongehoorsaamheid en Hy vertoorn Hom verskriklik daarvoor. God laat Hom nie bespot nie.

Pasop om nie vyf treë oor die wit streep by 'n stopstraat stil te hou nie.

**P. J. de Bruyn.**

## *Wat is die mens . .*

*As ek, o Heer, u nagtelike hemel  
daarbo aanskou, die tint- en glansgewemel;  
hoe, deur U toeberei, die skugter maan  
met stille gang oor sterrevelde gaan —  
wat is die mens dan dat U hom gedenk het,  
die mensekind wat U so ryk beskenk het!*

*Ps. 8.*

## **DAARDIE STEM - hierbinne**

Die gewete — wie ken dit nie? Daardie stem wat hierbinne spreek, wat jou so kan aankla en beskuldig as jy iets verkeerd gedoen het.

As die gewete spreek, ervaar 'n mens 'n gevoel van pyn, want jou gewete sê aan jou dat jy verkeerd gedoen het, dat jy êrens oortree het. 'n Mens voel dan hoe jy innerlik aangekla word van iets waarvoor jy weet dat jy werklik skuldig aan is.

Het u nog so 'n gewete wat spreek, waarsku, aankla en veroordeel?

As u dit het, moet u dankbaar wees teenoor God, want ook op dié wyse wil Hy u bring tot berou oor u sondes, en derhalwe tot ware skuldbelydenis voor God. As u dan ook luister na die stem van u gewete, kan dit u uiteindelik ook uitdryf na Jesus Christus om by Hom en in Sy versoeningswerk, volle vergewing te soek vir al u sondes waarvan u gewete u beskuldig. Daardie aanklaende gewete kan u ook daarvan bewaar om die sonde wat u gedoen het en waarvan hy u beskuldig, nooit weer te doen nie.

### **'n Besoedelde Gewete.**

Maar nou moet ek u ook waarsku dat u nie moet dink dat u gewete onfeilbaar is nie. Daarom moet u dit nie sonder meer beskou as die stem van God in u binneste nie. U moet beseft dat 'n mens se gewete deur die sonde so toegeskroei en vereelt kan wees dat dit naderhand heeltemal ongevoelig word en glad nie meer spreek as 'n sonde gedoen word nie. Die gevolg is dan dat 'n mens 'n gruwelike oortreding kan begaan sonder om werklik daarvoor skuldig te voel. So 'n gewete kan tereg saam met die apostel Paulus, 'n **besoedelde gewete** genoem word (Titus 1:15).

As 'n mens byvoorbeeld 'n sonde doen waarvoor jou gewete jou beskuldig, en jy verontagsaam die beskuldigings en gaan daarna, ondanks al die aanklagte van jou gewete, voort om dieselfde sonde te doen, sal die gewete geleidelik minder spreek en beskuldig en naderhand heeltemal swyg. Dan neem die gewete as't ware genoeë met daardie sonde, en 'n gewete wat met die sonde genoeë neem, is 'n besoedelde gewete. In werklikheid onttrek God Hom dan aan so 'n persoon wat volhard in sy kwaad en spreek dus ook nie meer tot hom deur sy gewete nie.

### **'n Goeie Gewete.**

Teenoor so 'n besoedelde gewete stel die Bybel dat die mens 'n **goeie** en 'n **rein** gewete moet hê (I Tim. 1:9; II Tim. 1:3).

Wat presies is 'n goeie gewete?

Negatief kan dit gestel word dat 'n goeie gewete nie alleen gegrond is bloot op die publieke opinie, persoonlike belang of iets dergelyks nie.

'n Goeie gewete is 'n gewete wat ten nouste aan Christus verbonde is. Dit is 'n gewete wat ingestem is op die wil van Christus en gedra word deur die gelowige se liefdesband met Hom.

## **Die Gewete Oefen.**

Omdat 'n mens nou altyd die gevaar loop dat jou gewete deur die sonde toegeskroei kan word en jy uiteindelik 'n besoedelde gewete kan verkry, moet 'n mens jouself gedurig daarin oefen om 'n goeie en rein gewete te verkry en te behou. Dit leer die Woord van die Here ons duidelik as dit by monde van Paulus sê. "Daarom oefen ek my ook om altyd voor God en die mense 'n rein gewete te hê" (Hand. 24:16). Maar waarin bestaan die oefening om so 'n rein of goeie gewete te hê?

Hierdie oefening bestaan daarin dat 'n mens jou so verdiep in die wil van God dat jou hele lewe in alle opsigte, jou hele mens-wees, dus daarvan deurdring word sodat al jou gedagtes, woorde en werke daardeur beoordeel word.

In die praktyk bestaan hierdie oefening om 'n goeie gewete te hê daarin dat 'n mens jou elke dag moet verdiep in die Woord van God waarin Sy wil geopenbaar word. Wat u dus moet doen is om die Bybel gedurigdeur peinsend en nadenkend te bestudeer en die verkondiging van die Woord in die kerk gereeld op te soek. Dan kom daar egter nog 'n belangrike vereiste by, en dit is dat as u die Bybel so gelees en bestudeer het, u uself ook sonder ophou moet inspan om al u gedagtes, woorde en dade **in alle eerlikheid** in die lig van die wil van God, wat u in Sy Woord vind, te beoordeel of te veroordeel.

Hierdie oefening beteken verder dat u God ook altyd moet bid om deur Sy Heilige Gees kragtiglik in u te werk — óók deur middel van u gewete sodat u gewete u kan waarsku voor u 'n verkeerde ding doen, of direk kan begin spreek as u iets doen of gedoen het wat nie reg is nie.

Hoe losser u band met die Woord van God en derhalwe met Christus is, hoe minder sal u gewete u waarsku, en hoe meer sal dit besoedel wees. Daarenteen, hoe inniger u aan die Woord en aan Christus verbonde is, hoe meer sal van u gesê kan word dat u 'n goeie en rein gewete het wat spreek soos hy moet spreek.

**P. J. de Bruyn.**



# Klimaatswisseling

*Elke lente kom daar na ons land welkome gaste. In hulle duisende kom hulle oor die Middellandse See en die vasteland van Afrika om die somerseisoen as gaste van Suid-Afrika hier te vertoef. Saam met die swoele noorde-winde wat ons reënseisoen inlui, maak hierdie gevleuelde gaste hulle verskyning. Die ysige winter van die Noordelike halfrond druk hulle uit na die warm Suide om die warm somerseisoen hier deur te bring. Hierdie gaste is aan ons almal bekend — hulle is die witsprinkaanvoël, die swartsprinkaanvoël en die swaweltjies. Ons noem hulle ook trekvoëls.*

Ons kan van hierdie trekvoëls ook iets leer. Daar gaan van hulle 'n stille boodskap uit wat tot die mens, die kroon van die Skepping spreek. Hierdie voëls lewe in 'n sekere klimaat, en wanneer hierdie klimaat wissel, onderneem hulle 'n reis van 6,000 myl om in dieselfde klimaat te bly. Hulle natuur is van so 'n aard dat hulle die klimaatswisseling nie kan verdra nie.

Sestig jaar gelede was ons volk 'n landelike bevolking wat in 'n sekere geesteklimaat gelewe het. Maar gedurende hierdie afgelope sestig jaar was daar 'n voortdurende en geleidelike verskuiwing vanaf die platteland na die stede en dorpe. Periodieke droogtes het die stroom telkens versnel soos ook weer in 1966, sodat reeds 80% van ons blanke bevolking in stede en dorpe woon.

Hierdie verskuiwing het ingrypende veranderinge en aanpassings meegebring. Die lewe in die stad met sy verbasende tempo, die uiteenlopende belange van die gesinslewe, die onpersoonlike omgang van mens tot mens, het 'n nuwe geesteklimaat geskep. 'n Geheel nuwe lewenspatroon het te voorskyn getree. In die plek van warm swoele somerdae het ysige winterdae gekom. In die plek van die eenvoudige rustige saamlewe van die familiekring het daar 'n gejaagde vereensaamde lewe gekom waarin elkeen besig is met sy eie program.

En in hierdie nuwe lewenspatroon kan die mens die ou geesteklimaat bly handhaaf, of anders as die voël—wat eerder duisende myle trek as om sy klimaats-gesteldheid prys te gee, pas die mens hom aan om in 'n nuwe klimaat te lewe en selfs te floreer. Daar is dus twee moontlikhede: ten spyte van 'n nuwe lewenspatroon kan die mens die ou geesteklimaat bly handhaaf of hy kan dit prysgee en 'n nuwe klimaat aanneem.

Dat die mens trek, is 'n verskynsel so oud soos die mensheid self. In Gen. 13 lees ons hoe Abraham en Lot ook getrek het vanuit Egipte na die Suidland. Nadat Abraham en Lot van mekaar geskei het, het beide ook nog getrek. Lot het gaan woon in die stede van die Jordaanstreek en sy tente opgeslaan tot by Sodom. Lot se oog was gerig op die vrugbare Jordandal. Vanaf die geesteklimaat rondom die altaar van Abraham het hy na die geesteklimaat van Sodom verhuis, waarvan ons lees "en die manne van Sodom was sleg en groot sondaars voor die Here". Lot het van die geesteklimaat van die altaar gewissel na die geesteklimaat van Sodom.

Van Abraham lees ons daarenteen dat hy getrek het tot by die terpentynbome van Mamre en daar vir die Here 'n altaar gebou het. Abraham het dus ook gewissel van woonplek maar van geesteklimaat het hy nie verwissel nie — hy het getrek en gelewe van altaar tot altaar.

Die gewoonte van die trekvoëls en die waarheid van die Bybel leer ons dieselfde. Die natuur en die Skriftuurlike boodskap vertel aan ons dieselfde waarheid.

Die trekvoëls trek duisende myle om in dieselfde natuurlike klimaat te bly.

Abraham het ook getrek van een plek na 'n ander maar sy geestesklimaat nie prysgegee nie.

Lot daarenteen het van die altaar-klimaat na die Sodoms-klimaat verwissel.

Hoe lewe u?

Soos die trekvoël en soos Abraham? Is u lewensaard so dat u altyd in dieselfde geestesklimaat bly. Die geestesklimaat van die altaar. En altaar beteken offer — 'n dankofferende lewe omdat u deur Jesus Christus met God versoen is.

Of:

Lewe u soos Lot? Telkens in 'n nuwe geestesklimaat. Die een oomblik vroom rondom die altaar — die volgende oomblik in die tente van Sodom?

God verwag van ons om te lewe soos die Psalmdigter in Ps. 84 : 5 leer:

"Een dag is in u huis my meer  
as duisend waar ek U ontbeer;  
veel liever is ek in u woning  
'n drumpelwagter, as gewend  
aan yd'le vreugde in sondaarstent."

**H. Kruger.**

## ***Ons wil met Quo Vadis,***

*die kruik van God omkeer sodat u oorgiet word met Sy evangelie van genade.*

*Ons wil u ontmoet in geloofsmededeelsaamheid.*

*Ons wil die toevlugsoord aanwys vir die ontstamdes en onterfdes,*

*die verdwaaldes en soekendes,*

*die verslaafdes en ontugtiges.*

*die gebrokenes en eensames,*

*die verslaenes en verskoptes,*

*die teleurgesteldes en wanhopiges.*

*Ons wil u invoeg in die mededoë van God.*

*Ons wil u tuisbring van 'n lang swerftog.*

*Ons wil u kalmte gee na u verwildering.*

*Quo Vadis? is draer van die Brood van die Lewe.*

*Deur hierdie bladsye straal die Lig van die wêreld.*

*Ons laat u proe van die Water wat in 'n mens 'n opspringende fontein word.*

*Ons gaan op die kruispaaie van die lewe staan om die rigting aan te wys.*

*Ons is die posbodes van die Here Jesus.*

*Ons skuif die uitnodiging onder u deur in.*